Baie van die Wes-Kaap se geografiese name is afkomstig van Khoekhoe erfenis. Hierdie name verteenwoordig elemente van ons provinsie se geskiedenis wat ter wille van ons nageslag herstel en gekoester moet word. Name help om 'n gevoel van samehorigheid en eienaarskap te skep en maatskaplike integrering word bevorder deur die erkenning van die oorlewing van Khoekhoe-erfenis deur plekname.

Hierdie brosjure bevorder plekname in hierdie provinsie wat afkomstig is van Khoekhoe-erfenis. Die Departement erken op hierdie manier die provinsie se gedeelde erfenis en sy diverse kulture. 'n Beperkte seleksie van name word hieronder gelys:

## KOO

Distrik: Kaapse Wynland

Munisipaliteit: Breede Vallei en Langeberg

Koördinate: 33°41'S19°54'E

Koo beteken koud – t'goaub, t'gaaub en ku wat 'n gebied, grondgebied of land is.

Koo is die streek tussen Montagu en Matroosberg Stasie. Die naam verwys na die waatlemoen, Fockea edulis, wat in die gebied groei. Dit word gebruik as 'n handelsnaam vir blikkies vrugte, groente en konfyte.

## BIEDOUW

Distrik: Weskus

Munisipaliteit: Sederberg en Noordkaap

Koördinate: 32°05'S19°18'E

'n Verwysing na die inheemse biedou of bietou plant (Chrysanthemoides monilifera). Die naam is aan die Biedouw Rivier, 'n sytak van die Doring Rivier, die Biedouw Berge en die omliggende vallei gegee.

Die berge is ongeveer 39 km noordoos van Clanwilliam.

## LEEU-GAMKA

Distrik: Sentraal Karoo

Munisipaliteit: Prins Albert

Koördinate: 32°46'25'S21°58'49'E

/Xam - X uitgespreek as 'n G – beteken leeu en ka beteken rivier. Leeu en Gamka beteken beide Leeu in Afrikaans en /Xam onderskeidelik.

Die dorp Leeu-Gamka is geleë waar die Leeu Rivier in die Gamka Rivier loop. Die naam is toutologies.

## KAROO (GROOT KAROO, KLEIN KAROO)

Distrik: Sentraal Karoo

Munisipaliteit: Laingsburg, Beaufort-Wes, Prins Albert

Koördinate: 32°41'S19°54'E

/ka'ru: afgelei van 'n Khoekhoe-woord garo wat woestynagtige, dorre, harde, droë veld beteken. Ook uitgespreek as Xhaeruh, Carrow, Carro, Karow, Karro.

Die Tankwa Karoo is tussen die Sederberg en Roggeveld bergreeks (Noord- en Wes-Kaap) en die Moordenaarskaroo is 'n streek tussen Laingsburg en Sutherland. Die Swartberg Bergreeks verdeel die Karoo baie duidelik in die Groot Karoo en die Klein Karoo, wat strek van oos na wes en parallel aan die kuslyn in 'n suidelike rigting loop, maar van die see geskei word deur 'n ander oos-wes bergreeks, genaamd die Outeniqua-Langeberg Bergreeks.

Die Groot Karoo is noord van die Swartberg Bergreeks en die Klein Karoo suid van die Swartberg Bergreeks geleë.



Biedouw Knysna Goudini Hessequa
Outeniqua Tsitsikamma Leeu-Gamka
Kango-Grotte Koo

## KNYSNA

Distrik: Eden

Munisipaliteit: Knysna

Koördinate: 33°51'S23°48'E

Die woord Knysna, afgelei van die Khoekhoe woord / naizna beteken "varings".

Knysna is die naam van 'n rivier, 'n strandmeer en die dorp geleë aan die mond van die Knysna Rivier. Die gebied is vernoem na die landskap wat geseën is met 'n rykdom van varings.

## OUTENIQUA BERGE

Distrik: Eden

Munisipaliteit: George

Koördinate: 33°48'S23°50'E

Ou-teni-qua: teni = heuning; qua = mans of mense en //Ou = 'n sak. Betekenis is dus 'mans/mense wat heuning dra'.

Volgens oorlewering verwys Outeniqua na die Outeniqua Khoekhoe-stam wat eens op 'n tyd in hierdie berge gewoon het. Die Outeniqua Berge word aan die suidelike Suid-Afrikaanse kus aangetref. Hulle loop parallel aan die kuslyn en vorm 'n aaneenlopende bergreeks, met die Langeberg aan die oostekant. Die bergreeks is Serra da Estrela (Berg van die Ster) op ou Portugese kaarte genoem. Rotstekeninge word steeds in hierdie gebied aangetref.

Die hoogste Piek is Cradock Piek: 1 578 m (5 177 voet).

## TSITSIKAMMA BERGE

Distrik: Eden

Munisipaliteit: George

Koördinate: 33°51'S23°48'E

Zitzikamma - Tsitzikamma - tse -tsitsa – wat beteken helder, deursigtig, gami beteken water. Tsitsikamma beteken: "plek van baie water."

Die Tsitsikamma Berge vorm 'n oos-wes bergreeks geleë in die Tuinroete streek van die Wes-Kaap en Oos-Kaap Provinsies tussen Humansdorp en George.

Hoogste Piek: Piek Formosa: 1 675 m (5 495 voet)

## KANGO-GROTTE

Distrik: Eden

Munisipaliteit: Oudtshoorn

Koördinate: 33°23'40'S22°12'54'E

Van Khoekhoe oorsprong. Die woord Kango beteken 'water-skeidings' of 'nat berg'.

Kango is die streek langs die suidelike hange van die Swartberg in die Oudtshoorn Distrik. Die Kango-grotte word ongeveer 30 km noord van Oudtshoorn in die suidwestelike voetheuwels van die Swartberg aangetref. Die Kango-grotte is in 1938 as 'n nasionale monument verklaar.

## GOUDINI

Distrik: Kaapse Wynland

Munisipaliteit: Breede Vallei

Koördinate: 33°41'S19°19'E

Goudini: afgelei van die Khoekhoe woorde - Gou wat bitter beteken. Dini of Denni wat heuning beteken – bitter heuning.

Die naam is deur die plaaslike Khoekhoe in die streek gebruik en dit word vandag steeds gebruik vir die gebied van die Ou Goudini Plase soos Slanghoek, Klipdrift, Groot Vlakte, Groot Eiland, Gevonden, Goudmyn, Boontjiesrivier, Dashbosch Rivier, Pokkekraal en Aande-Smalblaar.

## HESSEQUA

Distrik: Eden

Munisipaliteit: Hessequa

Koördinate: 34°10'S21°15'E

'n Meer akkurate gebruik van die naam sou wees Hessaqua-ku (Ku beteken grond, gebied of land). Hessequa beteken mense van die bome en verwys na die spesifieke Khoekhoe-stam, die Hessequa-mense wat in die streek gewoon het.

Die Munisipaliteit dek die gebied tussen die Langeberg Bergreeks en die Indiese Oseaan wat strek van die Breede Rivier in die weste tot aan die Gourits Rivier in die ooste, Swellendam in die weste, Kannaland in die noorde, Oudtshoorn aan die noordoostekant en Mosselbaai aan die oostekant.

*Bron: Dictionary of South African Place Names gepubliseer in 2014 en saamgestel deur Raper, Möller en Du Plessis.*

*Omslag: Rock Art, Monte Cristo, Clanwilliam. Foto is verskaf met die vergunning van Prof. John Parkington, Departement van Argeologie, Universiteit van Kaapstad.*


**Vir nadere inligting, kontak:**

**Departement van Kultuursake en Sport,**
**Direktoraat Museums, Erfenis en Geografiese Name**
**Tel 021 483 5959 of**
**E-pos: www.westerncape.gov.za**

**www.westerncape.gov.za**



Wes-Kaapse Regering
Kultuursake en Sport



Wes-Kaapse Regering
Kultuursake en Sport




# Khoekhoe Geografiese name in die Wes-Kaap